

Inhoud Hierdie preek wys hoe dat ons kinders met selfverloëning kan leef omdat hulle in Christus ingedoop is. Ingedoop in Christus is Christus hulle sonde en is hulle Christus se heiligheid en geregtigheid. Ouers moet hul kinders so beskou en leer om hulle self ook só te beskou. Hulle mag nie kleintjies se sonde eers oorsien en verskoon omdat hulle klein is en dan skielik as hulle tieners en jongmense word, hul van hul volwassenheid wil bekeer om weer kleintjies te moet wees nie. Ingedoop in Christus kan ons vandat ons klein is tot ons volwasse en oud is, onself vir God wees omdat ons onself as dood vir sonde en lewend vir God sien.

Skriflesing Matteus 16: 24 – 26; Romeine 6: 3 – 8, 11; 2 Korintiërs 5: 1 – 5.

Teks Rom. 6: 3: “Of weet julle nie dat ons wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood ingedoop is nie?”

Tema Ons kinders kan hulself verloën omdat hulle in Christus ingedoop is

1. Ons het vanoggend die voorreg om Gerhard Grobler te doop. Met hierdie teken van die Here verseël die Here self vanoggend dat Hy Gerhard in Homself ingedoop het, soos Paulus dit in Romeine 6: 3 verkondig. Christus het Gerhard in Homself ingedoop, en bevestig dit met die teken van die doop, sodat Gerhard vandat hy 'n baba is 'n nuwe lewe leef. Hierdie nuwe lewe wat hy leef noem die Here self “selfverloëning”

Jesus Christus het vir ons en ons kinders 'n nuwe soort gehoorsaamheid van God se wet geskep. Christus self noem hierdie nuwe manier om na die Here se wet te luister – selfverloëning. (Mat. 16: 24) Paulus beskryf hierdie nuwe gehoorsaamheid wat die Here selfverloëning noem in Rom. 6: 11 só: “So moet julle dan julleself beskou as dood vir sonde, maar in Christus Jesus lewend vir God.”

Ons gaan net nou vir Danie en Deona vra of hulle Gerhard só sien, só saam met Gerhard gaan lewe, só gaan groot te maak en só gaan leer: om homself te sien as ingedoop in Jesus en om homself daarom te moet verloën. Gerhard moet so kan groot word: “Ek beskou myself as dood vir sonde en lewend vir God omdat ek ingedoop is in Christus Jesus.”

2. Christus het Gerhard ingedoop in Homself!

Paulus vra vir die gemeente in Rome of hulle vergeet het wat die Here vir hulle met hul doop gewys het. Dit lyk asof hulle dit vergeet het en daarop herinner Paulus hulle weer aan wat die Here met die doop vir hulle bevestig: ons wat in Christus Jesus gedoop is, is ingedoop in alles wat Hy vir ons is en gedoen het.

Ons kinders kan hulself verloën omdat hulle in Christus ingedoop is

Ons is ingedoop in Hom en sy kruisiging, sy dood, sy begrafnis en sy opstanding!

Ons sien elke dag in ons huise hoe dit werk om ingedoop te word. Dit is net soos klere-was! Wat doen ons met vuil klere? Ons vat eers water en gooi waspoeier in die water. Wanneer ons waspoeier by water gegooi het, dan is dit nie meer net gewone water nie. Nou is dit wasgoedwater! Dan vat ons ons vuil klere en gooi dit binne in die wasgoedwater. Maar ons kan dit nie net sommer net bo-op die water gooi nie. Ons moet die vuil klere binne in die water in doop. Indoop beteken die wasgoedwater moet die klere deurtrek en deel wees van die vuil klere. Wanneer die klere in die wasgoedwater ingedoop is, dan haal die wasgoedwater al die vuilgoed uit die klere. Die klere word skoon omdat die vuil in die klere deel van die wasgoedwater word en nou gebeur die snaakste ding: die klere is skoon en die wasgoedwater is vuil.

Hoekom is die klere skoon?

Omdat dit ingedoop is in die wasgoedwater en só word die skoon van die wasgoedwater die klere se skoonheid en die vuil van die klere word die wasgoedwater se vuilheid.

3. Gerhard is ingedoop in Christus Jesus!

Jesus Christus is en was nog altyd in Homself 'n skoon mens sonder enige sonde gewees. Daarom stel Paulus in Rom. 6: 10 "die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God." Jesus het as mens op aarde sy lewe vir God só geleef dat dit 'n skoon lewe is. Jesus het ook uit die dood uit opgestaan en leef vandag nog steeds net soos ons sy lewe as mens van vleis en bloed vir God in die hemel. En dit is vandag nog steeds 'n skoon en regte lewe.

Jesus is daarom vandag net soos skoon water: 'n mens soos ons van vleis en bloed, sonder sonde wat vir God reg leef!

Maar Jesus is nie sommer net skoon water nie. Hy het iets by sy lewe bygevoeg wat Hom heeltemal iets anders as net skoon water maak. Hy is volgens Romeine 6 gekruisig, het gesterf en is begrawe en het toe uit die dood uit opgestaan. By sy skoon lewe het Hy sy kruisiging, dood, begrafnis en opstanding, bygesit. Daarmee het die Here sy skoon lewe iets anders gemaak as sommer net 'n mooi en skoon lewe – Hy het dit skoon wasgoedwater gemaak!

Jesus is nou nie net skoon water nie. Hy is nie net 'n mens wat mooi en reg leef nie. Hy is skoon wasgoedwater! Met wat Hy by sy lewe bygevoeg het, was Hy ons nou skoon van ons sonde.

Ons kinders kan hulself verloën omdat hulle in Christus ingedoop is

Wat doen die Here en gaan die Here nou elke dag met Gerhard doen? Hy gaan Gerhard in Homself indoop! Dit is Jesus Christus self met sy krag as God wat ons vat en indoop in Homself. Hy doop ons binne in sy skoon en regte lewe in en so doop Hy ons binne in sy kruisiging, sy dood, sy begrafnis en opstanding in. Hy doop ons in Hom in net soos 'n ma elke dag haar kinders se klere in wasgoedwater indoop. Dit is nie iets wat kinders doen nie. Dit is iets wat die ma doen. Om ingedoop te word in Christus is wat die Here met Gerhard en sy ouers en sy sussie doen. Dit is nie iets wat hulle as kinders van die Here met hulself doen nie.

Wanneer Christus ons in hom indoop gebeur met Gerhard wat Paulus wys in 2 Kor. 5: 21: "Hy wat nie sonde geken het nie, Hom het God ter wille van ons sonde gemaak, sodat ons in hom voor God regverdig kon word." God maak Gerhard se vuilheid Christus se vuilheid en Christus se skoon-wees Gerhard se skoonwees. Dit is mos presies wat skoon wasgoedwater met vuil klere doen: die skoon wasgoedwater kry die klere se vuilheid en die klere kry die wasgoedwater se skoonheid.

Daarom gaan die Here Gerhard só laat groot word: altyd ingedoop in Christus maak al sy vuilheid Christus se vuilheid, en al Christus se skoonheid en regwees, Gerhard s'n. Christus is altyd sy wasgoedwater en daarom gaan hy altyd vir die Here sonder sonde wees en skoon en reg om vir die Here te lewe.

4. Die water waarmee ons Gerhard doop wys dat Jesus sy wasgoedwater is.

Die water waarmee ons Gerhard net nou gaan doop is net gewone water. Dit is nie wasgoedwater nie. Ons het glad nie enige seeppoeier by die doop water bygegooi nie.

Daarom is hierdie water waarmee ons Gerhard doop net 'n teken wat wys hy gaan altyd vir die Here skoon en reg wees. Hierdie water wys dat Jesus self en nie die doopwater nie Gerhard se wasgoedwater is. Hierdie water maak Hom nie skoon en reg nie. Jesus maak Hom skoon en reg. Hy word nie in hierdie water ingedoop nie. Hy word in Jesus wat 'n mens is, ingelyf. Daarom stel Paulus: "As ons inderdaad ingelyf is in 'n dood soortgelyk aan syne, sal ons ook ingelyf wees in 'n opstanding soortgelyk aan syne." Rom. 6: 5

Hierdie skoon water wys net dat die Here self Gerhard se wasgoedwater is wat Hom altyd sal skoon maak, skoon hou, reg maak en reg hou vir God en sy liefde.

Daarom sal Gerhard, al doen hy sondes, nooit die Here se vuil of verkeerde kind kan wees nie. Christus sal altyd sorg dat Hy vir god sonder enige sonde-vuilheid is en altyd vir God skoon en reg is. Daarom sal hy altyd vir God kan leef as God se skoon en regte kind, al maak hy homself aanhoudend met sondes vuil en doen hy verkeerde dinge.

Ons kinders kan hulself verloën omdat hulle in Christus ingedoopt is

Jesus is vir altyd sy wasgoedwater wat sy vuilheid wegvat en hom reg maak – want in Jesus se skoon lewe is Jesus se kruisiging, dood en graf waarmee Hy Gerhard altyd sal skoon en reg maak.

5. Ons gaan net nou vir Gerhard se ouers vra of hulle glo dat alhoewel Gerhard in sonde ontvang en gebore is, en hy daarom eintlik te vuil en verkeerd is om God se skoon kind te wees, hulle glo dat hy in Christus heilig is.

Wat beteken hierdie vraag wat ons hulle vra? Dit beteken dat ons hulle vra of hulle glo Jesus is Gerhard se wasgoedwater wat hom nou al skoonwas en reg maak? Hulle moet dit nou glo, want anders gaan hulle Gerhard heeltemal verkeerd grootmaak!

Baie ouers maak hulle kinders vir die Here verkeerd groot! Baie ouers glo nie Jesus is die wasgoedwater waarin Jesus hulle kinders indoopt nie. Hulle probeer hulle kinders op hulle eie manier vergewe! Julle kan elke dag na pa's en ma's, oupas en oumas dophou en dan sal julle sien hoe vergeef hulle hul kinders en kleinkinders met hulle eie soort vergifnis waar Jesus nie meer as wasgoedwater vir hulle kinders nodig is nie.

Hierdie ouer en oupa – oma-vergifnis werk só! Wanneer kleintjies soos Gerhard nou selfsugtig is, sy eie willetjie met geweld afskree op sy ouers en sussie, nie luister as hulle vir hom sê: “moenie vat nie”, “moenie klim nie” “moenie in die water spring nie”, dan sê hulle hy is nog klein. Hierdie sondes is nie regte sondes nie. Dit is sommerknet onskuldige stoutigheid. Dis sommerknet kostelike en oulike kleintjie-streke. Dis nie iets om hom oor te slaan en te raas nie. Hierdie manier van vergifnis is om alles wat hy verkeerd doen, oor te sien met verskonings omdat hy nog só klein en oulik is.

Dit is hoe pappas, mammas, oupas en oumans vergewe: om alles wat verkeerd is te probeer oor sien en verskonings te maak hoekom wat kleintjies doen, nie regtig is verkeerd nie en nie regtig sondes is nie. En dit doen hulle omdat hulle glo Jesus vergewe hulle ook só: Jesus sien hulle sondes oor en maak by God verskonings vir hulle sondes sodat God hulle nie straf vir hulle sondes nie.

6. Daarom vra ons vir Gerhard se ouers om te erken en te glo hy is in sonde ontvang en gebore! Hulle mag nie hom só probeer vergewe nie” om sy sondes oor te sien en te maak asof dit nie regtig sondes is nie en daarvoor verskonings te maak omdat hy nog so klein is nie.

Hoekom mag hulle dit nooit met Gerhard doen nie?

Ons kinders kan hulself verloën omdat hulle in Christus ingedoop is

Want dan glo hulle nie Gerhard is nou binne in Jesus ingedoop om hom nou al van elke verkeerde dinge wat hy doen, skoon te was en reg te maak nie. Hulle glo nie Jesus is Gerhard se wasgoedwater nie omdat hulle nie sy vuilheid wil of kan raaksien omdat hy so klein is nie.

Hoe maak ouers kinders groot vir wie hulle al hul sondes oorsien en voor verskonings maak en dan glo hulle kinders is reg en skoon?

Hulle leer nie hulle kinders Jesus is wasgoedwater nie. Hulle leer hulle kinders is net mooi en skoon water en hulle moet ook so mooi en skoon leef soos Jesus! Dit is regtig hoe baie ouers kleintjies grootmaak: julle moet net so mooi en skoon wees soos Jesus skoon en mooi water is.

Sulke ouers sien hulle kinders nie as kinders vir wie Jesus wasgoedwater moet wees nie en daarom leer hulle hul kinders net om so mooi en skoon soos Jesus te wees, want hulle sien al hul sondes oor en maak vir al hul sondes verskoning.

So maak ouers hul kinders vir wie Jesus nie die wasgoedwater is in wie hulle van kleinsaf ingedoop word nie.

7. En dan word hierdie kleintjies tieners en jongmense! Gerhard gaan mos ook 'n tiener en jongmens word!

Nou hoe kan jy 'n tiener en jongmens wat nie meer 'n oulike kleintjie is oor wie jy beheer het en van jou afhanklik is nie, se sondes oorsien en verskoon? Want nou doen hulle sondes wat baie skade aan baie mense doen en hulle doen dit so openlik voor almal dat dit nie meer maklik is om hulle daarvoor oor te sien of te verskoon nie.

Al die geestelikes van hierdie wêreld maak tieners en jongmense weer kleintjies met dit wat hulle verkeerdelik "beking" noem. Hulle gaan met kamstige bekerings probeer om hom as tiener en jongmens weer 'n onskuldige kleintjie te maak wie se sondes hulle kan oorsien en verskoon. Hierdie soort beking en lewe waar groot mense skielik weer kleintjies moet word, noem Paulus in 2 Kor. 5: 3 om ontklee te word en naak te wees. Dit is om kaal uitgetrek te word. Dit is bekerings wat jou kaal uittrek en naak maak.

Dit is hier waar die storie van die koning wat verneuk is om kaal rond te loop ons kan help om te sien hoe grootmense aanhou om kinders se sondes oor te sien en te verskoon, al het hulle groot geword!

Die storie van die koning wat kaal rondgeloo het word al vir honderde jare in Europa só oorvertel. Eendag het 'n koning wat spoggerig wou wees 'n groot kompetisie vir kleremakers uitgeskryf om die spesiaalste klere wat nog ooit gemaak is vir hom te maak. 'n Baie groot skelm het dadelik sy kans raak gesien met hierdie

Ons kinders kan hulself verloën omdat hulle in Christus ingedoop is

koning se ydelheid en spoggerigheid. Hy het na die koning toe gegaan en vertel hy kan vir hom die mooiste en mees spesiale klere nog ooit maak. Hierdie klere is so spesiaal dat net mense wie se harte so opreg en goed, so eerlik en liefdevol, so vroom en opreg soos 'n kleintjie is, hierdie klere kan raaksien. Mense wat nie só opreg, eerlik, liefdevol en goed is nie, kan nie hierdie pragtige wonderlike klere raaksien nie. Die koning het dadelik vir hom die kontrak en geld gegee om hierdie wonderlike klere te maak.

Terwyl hulle toe kamstig besig is om hierdie wonderlike klere te maak kom loer die koning in en skrik hom toe amper dood, want hy kon niks klere sien nie. Die man maak asof hy klere sny en klere aan mekaar werk en die koning sien niks nie. Omdat die koning toe bang is dat sy oneerlikheid, sy onopregtheid, sy liefdeloosheid sal wys as hy sê hy sien nie die klere nie, begin hy toe maak asof hy die klere sien en vertel net hoe pragtig is die klere.

Die koning laat weet toe vir al die mense in sy stad dat hy met hierdie wonderlike klere deur die strate gaan loop en dat net mense met eerlike, opregte, liefdevolle en goeie harte hierdie wonderlike klere sal kan sien! Toe die dag kom moet die koning homself kaal uittrek, maak asof hy hierdie wonderlike klere aantrek en sy kaalheid vir almal wys asof hy die wonderlikste klere aan het, terwyl hy kaal in die strate afloop. En wat die doen die mense? Omdat hulle te bang was dat hulle slegte harte, vol onreg, en liefdeloosheid sal wys, het hulle almal vertel hoe wonderlik lyk die klere terwyl hulle net 'n kaal koning sien rondloop.

Almal sien sy kaalheid oor en verskoon sy kaalheid, omdat hulle nie wil hê ander moet weet hulle het harte vol onreg en liefdeloosheid nie. Totdat 'n klein dogtertjie uitroep die koning is dan kaal. Toe kan niemand meer die kaal koning loof en prys vir sy wonderlike klere nie!

8. Hoe maak grootmense en hul predikante dat tieners en jongmense geestelik hulle self moet kaal uittrek en naak moet rondloop terwyl almal hulle prys vir hulle mooi klere? Hoe verskoon en sien grootmense tieners en jongmense se sondes oor op so 'n manier dat hulle moet kaal rondloop en glo hulle wys die mooiste klere in die wêreld?

Dit werk só!

Dominees, pastore en priesters wat kinders wil verneuk vertel hulle hulle kan nie meer hulle self skoon hou nie want hulle doen nou skielik sondes wat hulle nooit gedoen het toe hulle kleintjies en kleuters was nie. Nou dat hulle tieners en jongmense is, is hulle skielik vuil en verkeerd! Hulle is nou só vuil en verkeerd dat hulle self iets moet doen om weer skoon te word.

Ons kinders kan hulself verloën omdat hulle in Christus ingedoop is

Dan word hulle vertel hulle moet uittrek! Hulle mag nie meer met die hart leef waarmee hulle as kleintjies so oulik was nie. Hulle moet nou hierdie hart wat nou skielik te sleg en te vuil is, vir God weggee sodat God self hulle hart binne in hulle kan word. Hulle moet nie meer hulle self wees nie want nou is hulle self te vuil en verkeerd! Hulle mag nie meer hulle self uitbeeld en self wys vir mense nie want nou is wat hulle van hulself wys en uitbeeld te vuil en verkeerd! Nou mag hulle nie hulle eie lewe leef nie want hulle neem nou skielik net verkeerde besluite wat hulle lewe vuil maak. Hulle mag nou skielik nie meer in beheer van hul eie lewe wees of die middelpunt van alles soos toe hulle kleintjies was nie, want nou is hulle te sleg en vuil om dit te doen!

Hulle mag nie meer hul self wees nie. Hulle moet ophou om hulle self te wees! Hulle moet hulle self uittrek! Hulle moet hul eie-ek uittrek, hul eie lewe uittrek, hulle eie beheer van hul lewe uittrek, hulle eie wil uittrek en hulle eie selfbeeld uittrek! Die manier waarop hulle hulself so kaal uittrek is om vir almal te vertel van al hul slegte dade en begeertes

Dan maak al hierdie verneuk dominees, pastore en priesters hierdie valse storie op: wanneer tieners en jongmense hulle dan hulself só kaal uitgetrek het, kaal van jou eie lewe, jou eie persoon, jou eie identiteit, jou eie wil en jou eie krag, dan sal God self jou wonderlike klere word! God sal nou in hulle lewe kom, God sal die beheer van hul lewe oorneem, God sal alles binne in hulle word en dan sal mense net vir God in hulle raaksien want God sal so deur hulle lewe wys dat mense nie vir hulle nie maar God in hulle lewe sal raaksien! God gaan só deur hulle leef en skyn, dan mense nie meer hulle sondes sal raaksien nie, maar net vir God binne in hulle wat deur hulle skyn.

Om jouself kaal uit te trek en te glo nou trek jy kamstig God aan as jou goddelike klere wat mense aan jou moet raaksien, noem hierdie skelm dominees, pastore en priesters nou sommer jou bekering wat God binne in jou vir mense sal wys.

Kaal uitgetrek van jouself sodat mense nou God in jou kan raaksien! Op hierdie skelm manier maak geestelikes asof hierdie tieners en jongmense dan weer daardie onskuldige en oulike kleintjies is vir wie hulle alles kan verskoon en oorsien. As hulle na hierdie sogenaamde bekeerde jongmense kyk, sien hulle weer die kleintjies wat hulle was. Maar dit is 'n bouse leuen. Dit verneder tieners en jongmense en breek hulle gees om selfstandige, verantwoordelike en volwasse mense te kan wees.

So maak mense kinders vandat hulle klein is, kinders wie se sonde jy nie mag raaksien en noem nie, want eers is hulle te klein om sondig te wees en as hulle dan groot is, moet hulle met geestelike kaallopery kamstig wys hulle is nou weer klein en God is groot in hulle.

9. Hoe maak Jesus dit anders vir Gerhard?

Ons kinders kan hulself verloën omdat hulle in Christus ingedoop is

Anders om nou as kleintjie eers net te oulik te wees om sondes te doen en as hy groot is skielik 'n jongmens weer 'n kleintjie te word wat met sy kaal-rondlopery God in sy lewe moet wys?

Jesus doop nou vir Gerhard binne in Homself in!

Hoe maak dit dat Gerhard se ouers hom nou anders kan sien? Volgens Rom. 6:11 moet hulle nou Gerhard beskou as dood vir die sondes wat hulle sien hy doen en moet hulle Hom sien as 'n kind wat vir God lewe omdat Hy ingedoop is in Jesus Christus! Hoekom? Want Jesus is nou sy sonde en Gerhard is Jesus se geregtigheid. (2 Kor. 5: 21) Hulle moet raaksien hoe skoon Jesus Gerhard maak!

Hulle moet hom met selfverloëning raaksien en hom leer om homself te verloën, want hy is ingedoop in Jesus Christus!

Dit werk só! Wanneer Gerhard as kleintjie iets leliks en verkeerds doen, moet hulle sien hy is vuil en verkeerd of moet hulle sien Jesus het hom skoongewas? Gerhard is ingedoop in Jesus wat sy wasgoedwater is en daarom al sy vuilheid en verkeerdheid Syne maak, nes wasgoedwater klere se vuilheid deel van die water maak.

Dit maak dat Gerhard se ouers altyd kan sien wat hy verkeerd doen, sonder dat hulle ooit hoef te glo of te aanvaar hy is vir God en hulle vuil en verkeerd. Hulle moet hul seuntjie sien soos Paulus ons wys hoe om hom ingedoop in Christus te sien: Julle moet altyd vir Gerhard beskou as dood vir sonde" (Rom. 6: 11) om dat hy ingedoop is in Jesus!

Hulle moet altyd vir Gerhard beskou as 'n kind wat vir God reg en skoon leef (Rom. 6: 11) omdat hy in Christus ingedoop is!

Dit is hoe hulle Gerhard in selfverloëning moet beskou: jou vuilheid en verkeerdheid het Jesus syne gemaak en jy is altyd vir god en ons skoon, en reg en gord gemaak deur Jesus.

10. Daarom vra ons vir Danie en Deona dat hulle Gerhard vandat hy klein is ook so moet grootmaak: hy mag nie sy vuilheid glo as sy eie vuilheid nie. Hy moet dit verloën as sy eie vuilheid en glo Jesus is sy wasgoedwater wat sy vuilheid vat en hom skoon maak, elke dag die hele dag!

Dan sal Gerhard en hulle in die geloof kan leef, ons is almal vir God en mekaar reg, skoon en goed, al doen ons sondes! Dan sal hulle hulself dood reken vir hul sonde en vir god met vrymoedigheid kan leef.

Ons kinders kan hulself verloën omdat hulle in Christus ingedoop is

Op hierdie wyse hoef niemand Gerhard se verkeerde dinge te verskoon, oor te sien, oulik te maak of te maak asof dit nie regtig gebeur het, nie. Want Jesus maak hom regtig skoon en reg vir God en ons liefde en ons hoef dit nie met ons verskonings en oorsien te doen nie.

Op hierdie wyse hoef Gerhard dan ook nooit eendag daardie kaal-uittrek bekering te kry waar hy dan skielik omdat hy 'n tiener en jongman is en nie meer 'n oulike kleintjie nie. Hy hoef dan nooit voor almal skielik te bely hoe sleg hy is en homself, sy eie wil, sy eie persoonlikheid, sy eie-ek, sy eie identiteit as mens uit te trek en niks te probeer word, sodat God alles binne in hom moet kom word nie.

Hierdie kaal-uittrek om niks te wees voor God en mense, is nie wat die Bybel “selfverloëning” noem nie. Dit is kaallopery met die bygeloof dat mense nou vir God in jou lewe raaksien! Selfverloëning is om te sien my vuilheid is nou Jesus s'n net soos klere se vuilheid nou die skoon wasgoedwater s'n word en sy skoon-wees is myne. Hy maak Gerhard heilig vir God

Kom ons glo wat die Here hierdie doopwater vir ons oor Gerhard wys: Jesus is sy wasgoedwater wat hom altyd skoon en reg sal maak sodat hy saam met ons in God se liefde vir god kan leef soos God hom en ons gemaak het.

Kom ons doop Gerhard sodat hy en ons almal altyd kan sien hy en ons is ingedoop in Jesus en skoon vir God.